ROSEVILLE KIDICARE
PRESCHOOL | KLEUTERSKOOL

063 690 1544 | 076 979 3773
rosevillekidicare@yahoo.com
617 Magdalena Laan, Roseville, Pretoria

# SKOOLREËLS

## 1. KLEUTERSKOOL TYE

- **Halfdag** (Maandag tot Vrydag): **06h00 – 14h00 Voldag** (Maandag tot Vrydag): **06h00 – 18h00**
- U vriendelike samewerking in die verband word baie waardeer.
- Halfdag ouers: indien u graag u kind later wil kom haal, moet dit asseblief eers gereël word. Indien dit op 'n permanente basis gebeur, sal voldag fooie gehef word.
- ***NB ! Indien u kind na 14h00 (halfdag) of 18h00 (voldag) afgehaal word, sal 'n ekstra fooi van R150.00 gehef word (as boetefooi)***
- Die skool is naweke en vakansie dae gesluit asook 'n tydperk gedurende Desember.
- Daar sal nie dag tot dag kinders geakkommodeer word nie, aangesien dit beplanning bemoeilik omdat ons nie weet wanneer u kind skool sal bywoon nie en die kind ook nie die akademiese program volg nie.

## 2. SKOOLFOOIE

- Maandelikse tarief is streng **vooruitbetaalbaar** vir elke maand voor of op die **5de** van elke maand.
- Die jaarlikse fooi word oor 'n **tydperk van 12 maande (insluitend Desember)** betaal.
- Indien u kind vir een of ander rede nie meer skool sal bywoon nie, moet u 'n maand vooraf skriftelik kennis gee en die volle maandelikse tarief betaal.
- **Geen kennisname sal vir November aanvaar word nie.**
- **Geen korting word gegee tydens afwesigheid weens siekte of vakansie nie, aangesien u kind se plek gehou word tot tyd en wyl hy/sy terugkeer.**
- Fooie kan op die volgende manier betaal word:



Parafeer:

- ➔ Internet betaling: Stuur "SMS" met inbetaling of maak 'n afskrif van die bewys van betaling en stuur skool toe. **Dis die veiligste manier!**
- ➔ Kontant in 'n duidelike gemerkte koevert oorhandig aan onderwyseres. **Die ouer moet saam met die onderwyseres die geld tel en wag vir die kwitansie om te verseker dat daar nie misverstande opduik nie! Geen gelde mag in die kind se boek aan ons gestuur word nie.**

- Daar sal 'n jaarlikse tarief van **R800.00** wees wat snoepie op Vrydae, "bak-en-brou" benodighede, skeppende kuns en "messy play" benodighede asook instappies dek. Die volle tarief moet aan die **BEGIN** van die jaar betaal word. <u>**HIERDIE FOOI IS VERPLIGTEND!**</u> Die jaarlikse tarief sal streng gekontroleer word.
- Neem kennis dat aansoeke vir kinders jaarliks verval en heraansoek gedoen moet word vir die volgende jaar. **Daar is nie registrasie fooie by her-aansoeke nie mits dit voor die sperdatum ingehandig is.**

## 3. DISSIPLINE

Swak gedrag is 'n groot bekommernis in die primêre en sekondêre skole en die beste manier om die probleem aan te spreek is om vroegtydig te begin. Probleemsituasies sal dadelik aan ouers gemeld word.

Die volgende prosedures word gevolg indien dit nodig is om 'n kind by die skool te dissiplineer.

- ➔ Waarskuwing – gevolg vir optrede
- ➔ "Time out" – in die klas, binne personeellid se gesigsveld, tydperk is ouderdoms relevant
- ➔ Wegneem van voorregte – sal egter nie die kind ontneem van leer nie
- ➔ Hoof se kantoor – wanneer die kind die klas aanhoudend ontwrig of herhaaldelik ander kinders afknou
- ➔ Kontak ouers – samewerking tussen personeel en ouers om situasie op te los

## 4. TOEGANG

- Geen kind sal toegelaat word om in die middag alleen by die hek uit te loop nie.
- Kind mag nie self die hek se knoppies druk wat hek laat oop gaan nie. Indien dit die geval is sal u verantwoordelik wees vir die betaling van herstelwerk.
- <u>**Maak asseblief seker al die hekke toe is wanneer u in- en uitgaan!**</u>



Parafeer:

## 5. SKOOLBYWONING

- Teken u kind asseblief daagliks in en uit in die "BYWONINGSREGISTER" ter wille van u kind se veiligheid.
- Geen kleuter sal aan 'n vreemde persoon oorhandig word sonder ouer se skriftelike toestemming nie.
- Hou asseblief die afskeid soggens kort, aangesien die kind ontsteld raak indien ouer draai en dit lei tot ontwrigting van die hele groep.
- Vorderingsverslae word twee keer 'n jaar uitgereik aan kinders wat skool getrou bywoon, aangesien evaluering op 'n gereelde en deurlopende basis plaasvind – **indien u kind nie gereeld skool bywoon nie, sal hy/sy nie 'n vorderingsverslag ontvang nie.**
- **'n Dagprogram word gevolg en ons vra dus dat ouers kind betyds by skool sal lewer, sodat hulle deel kan word van die hele groep.**
- **Ontbyt word slegs tot 08:15 bedien. Indien u kind laat kom, moet hy reeds tuis ontbyt geëet het.**

## 6. KOMMUNIKASIE

- **Alle klagtes word d.m.v. die kommunikasie boek oorgedra en hanteer. Geen klagtes sal mondelings aanvaar word nie!**
- **Kommunikasieboek moet DAAGLIKS saam gestuur word in u kind se tas.**
- Goeie kommunikasie is baie belangrik omdat ons as 'n span moet saamwerk wat betref die kind se vorming en ontwikkeling.
- Om die kommunikasie te handhaaf, ontvang elke kind jaarliks een kommunikasieboek waardeur ouers op hoogte gehou word van gebeure by die skool.
- **Kontroleer asseblief die boeke daagliks** en voel vry om kritiek te lewer as iets pla. Swak kommunikasie lei dikwels tot misverstande.
- Klagtes moet met die bestuur opgeneem word aangesien die diens slegs kan verbeter indien ons bewus is van enige probleme of ongelukkigheid.
- **Geen** ouer mag met 'n ander kind raas of aan hulle slaan nie. Klagtes moet opgeneem word met die personeellid aan diens, waarna probleem verder hanteer sal word.
- <u>**Geen ouer mag 'n ander kind (buiten jou eie kind) optel nie – tensy anders gereël!**</u>



Parafeer:

## 7. PERSOONLIKE ITEMS & ALGEMENE VERSORGING

- **Leerders moet in gemaklike klere wat mag vuil word skool toe kom aangesien hulle met modder ens. speel.**
- Alle klere en toebehore moet duidelik gemerk wees. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir klere, skoene en enige ander persoonlike items wat verlore raak nie.
- Baba klasse - alle bottels moet duidelik gemerk wees en fopspene moet aan gemerkte toutjies wees.
- Kinders moet netjies en goed versorg skool toe kom.

**Ingevolge van die betrokke kinderbeskerming wetgewing is personeel verplig om vermoedelike saak van kinderverwaarlosing en kindermishandeling aan te meld. Die nodige organisasies/owerhede sal gekontak word. Personeel is nie gedwing om ouers hiervan in kennis te stel nie.**

## 8. SIEK KINDERS

- **LET OP NA DIE MEDIKASIE BELEID VAN DIE SKOOL SOOS ONTVANG IN DIE KOMMUNIKASIEBOEK.**
- Geen kind met 'n aansteeklike siekte mag skool bywoon nie. 'n Dokters brief wat bevestig dat kind se aansteeklike tydperk verby is, is 'n vereiste as kind terugkeer na skool.
- **Geen kind met kopluise mag skool bywoon tot dat die probleem opgelos is nie.**
- Voorgeskrewe en kroniese medikasie moet in die medisyneboek opgeskryf word en deur die ouer onderteken word. Geen medisyne sal sonder toestemming aan u kind gegee word nie.
- Kinders met gesondheidsprobleme of allergieë moet duidelik op die aansoekvorm gemeld word sodat ons daarvan bewus kan wees.
- Al die nodige voorsorgmaatreëls word getref ten opsigte van die higiëne in die sandput, maar dit is tog wys om bewus te wees van gereelde ontwurmingsbehandelings.
- **Medikasie sal nie aan 'n kind toegedien word as dit nie in die medikasieboek aangeteken is nie!!**



Parafeer:

## 9. VERJAARSDAE

- Omdat 'n kind se verjaarsdag vir hom/haar so belangrik is, is u welkom om 'n partytjie by die skool te hou.
- Reël vooraf met die onderwyseres vir 'n geskikte tyd in die middag.
- Geen partytjies sal op "spesiale dae" gehou word nie – m.a.w. op lentedag, boeresport dag ens.
- Die partytjie pakkies moet tuis gemaak word en alle baniere ens. moet tuis opgeslaan word. Personeel gaan nie partytjie pakkies ens. pak nie – indien jy items los in 'n sak stuur en verwag die personeel moet die pakkies pak sal jou kind ongelukkig nie partytjie hou nie.
- Ouers mag nie partytjies bywoon nie, bloot omdat dit ander kinders ongemaklik laat voel.

## 10. ALGEMEEN

- Kyk asseblief dat u kind se rakkie elke middag heeltemal leeg is. Verlore goedere sal in 'n gemerkte houer gehou word.
- Speelgoed en lekkergoed moet tuis bly!
- Komberse is nie toelaatbaar by die skool nie aangesien dit voorsien word deur die skool.
- Die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir oorbelle wat verlore gaan nie. Dis nie die personeel se werk om oorbelle op te pas nie.
- Daar word verwag van ouers om die personeel met die nodige respek te hanteer.
- **<u>Indien u kind enige skool eiendom breek bv. venster, speelgoed ens. sal daar van u verwag word om dit te vervang!</u>**

Dit is ons wens dat u en u kind gelukkig by ons sal wees. Ons maak staat op u positiewe samewerking.

______________________________ ____________________

Ouer/Voog Handtekening Datum